| (a) Vagwol/Fleece wool..... | AAXF | Vagwol/Fleece wool..... | Meer as 90/More than 90..... | Hoogstens 24/Not more than 24 |
| | AXF | Vagwol/Fleece wool..... | Meer as 75 tot en met 90/More than 75 up to and including 90 | Hoogstens 24/Not more than 24 |
| | BXF | Vagwol/Fleece wool..... | Meer as 60 tot en met 75/More than 60 up to and including 75 | Hoogstens 24/Not more than 24 |
| | CXF | Vagwol/Fleece wool..... | Meer as 45 tot en met 60/More than 45 up to and including 60 | Hoogstens 24/Not more than 24 |
| | DXF | Vagwol/Fleece wool..... | Meer as 30 tot en met 45/More than 30 up to and including 45 | Hoogstens 24/Not more than 24 |
| | EXF | Vagwol/Fleece wool..... | Meer as 15 tot en met 30/More than 15 up to and including 30 | Hoogstens 24/Not more than 24 |
| | EEXF | Vagwol/Fleece wool..... | 15 en minder/15 and less..... | Hoogstens 24/Not more than 24 |
| | AAXM | Vagwol/Fleece wool..... | Meer as 90/More than 90..... | Hoogstens 26/Not more than 26 |
| | AXM | Vagwol/Fleece wool..... | Meer as 75 tot en met 90/More than 75 up to and including 90 | Hoogstens 26/Not more than 26 |
| | BXM | Vagwol/Fleece wool..... | Meer as 60 tot en met 75/More than 60 up to and including 75 | Hoogstens 26/Not more than 26 |
| | CXM | Vagwol/Fleece wool..... | Meer as 45 tot en met 60/More than 45 up to and including 60 | Hoogstens 26/Not more than 26 |
| | DXM | Vagwol/Fleece wool..... | Meer as 30 tot en met 45/More than 30 up to and including 45 | Hoogstens 26/Not more than 26 |
| | EXM | Vagwol/Fleece wool..... | Meer as 15 tot en met 30/More than 15 up to and including 30 | Hoogstens 26/Not more than 26 |
| | EEXM | Vagwol/Fleece wool..... | 15 en minder/15 and less..... | Hoogstens 26/Not more than 26 |
| | AAXS | Vagwol/Fleece wool..... | Meer as 90/More than 90..... | Hoogstens 26/Not more than 26 |
| | AXS | Vagwol/Fleece wool..... | Meer as 75 tot en met 90/More than 75 up to and including 90 | Meer as 26/More than 26 |
| | BXS | Vagwol/Fleece wool..... | Meer as 60 tot en met 75/More than 60 up to and including 75 | Meer as 26/More than 26 |
| | CXS | Vagwol/Fleece wool..... | Meer as 45 tot en met 60/More than 45 up to and including 60 | Meer as 26/More than 26 |
| | DXS | Vagwol/Fleece wool..... | Meer as 30 tot en met 45/More than 30 up to and including 45 | Meer as 26/More than 26 |

| Lyne/Lines | Klasse Classes | Spesifikasies/Specifications | | |
|---|-------------------|--|--|--|
| | | Algemeen/General | Lengte in millimeters/Length in millimetres | Fynheid in mikrons/Fineness in microns |
| (b) Rugwol/Backs | EXS | Vagwol/Fleece wool..... | Meer as 15 tot en met 30/More than 15 up to and including 30 | Meer as 26/More than 26 |
| | EEXS | Vagwol/Fleece wool..... | 15 en minder/15 and less | Meer as 26/More than 26 |
| | XBKS | Rugwol/Backs | Geen spesifikasie/No specification | Geen spesifikasie/No specification |
| | XBKS 2 | Kort en minderwaardige rugwol/Short and inferior backs | Geen spesifikasie/No specification | Geen spesifikasie/No specification |
| (c) Penswol en stukkies/Bellies and pieces | XCBP | Lang penswol en stukke van goeie lengte/Long bellies and pieces of good length | 45 en meer/45 and more | Geen spesifikasie/No specification |
| | XBP | Kort penswol en stukkies/Short bellies and pieces | Minder as 45/Less than 45 | Geen spesifikasie/No specification |
| | XLOX | Kruisrasloks en enige stukkies te minderwaardig vir die XBP-klas/Crossbred locks and any other pieces too inferior for the XBP class | Geen spesifikasie/No specification | Geen spesifikasie/No specification |
| (e) Erg growwe en harige vagwol/Very coarse and hairy fleece wool | XX | Growwe, harige kruisrasvagwol en harige afrandsels/Coarse, hairy crossbred fleece wool and hairy skirtings | Geen spesifikasie/No specification | Geen spesifikasie/No specification |
| (f) Lammervagwol/Lambs' fleece wool | XL | Fyn kruisras lammervagwol/Fine crossbred lambs' fleece wool | Geen spesifikasie/No specification | Geen spesifikasie/No specification |
| | XXL | Growwe, harige kruisraslammervagwol/Coarse, hairy crossbred lambs' fleece wool | Geen spesifikasie/No specification | Geen spesifikasie/No specification |
| (g) Gematte vagwol/Matted fleece wool | XMAT | Gematte kruisrasvagwol/Matted crossbred fleece wool | Geen spesifikasie/No specification | Geen spesifikasie/No specification |
| (h) Ramvagwol/Ram's fleece wool | RAM | Vagwol van ramme geskeer/Fleece wool shorn from rams | Geen spesifikasie/No specification | Geen spesifikasie/No specification |
| (i) Velwol/Skin wool | VEL | Wol afkomstig van afgeslagte velle/Wool derived from flayed skins | Geen spesifikasie/No specification | Geen spesifikasie/No specification |
| (j) Dooiwol/Dead wool | PLK | Wol afkomstig van 'n ander dooie skaap as 'n geslagte skaap/Wool derived from a dead sheep other than a slaughtered sheep | Geen spesifikasie/No specification | Geen spesifikasie/No specification |
| (k) Merkwol/Brands | BRANDS | Wol bevlek met merkstof, verf, 'n petroleumproduk of teen of wat verkleurd of bevlek is deur veemiddels, blomme of blare/Wool stained with a marking substance, paint, a petroleum product or tar or discoloured or stained by stock remedies, flowers or leaves | Geen spesifikasie/No specification | Geen spesifikasie/No specification |
| (l) Afwykings/Odd wool..... | XODD | Kruisraswol wat nie voldoen aan die vereistes voorgeskyf vir die voorafgaande klasse van kruisraswol nie/Crossbred wool which does not comply with the requirements prescribed for the preceding classes of crossbred wool | Geen spesifikasie/No specification | Geen spesifikasie/No specification |

Growwe wit en growwe gekleurde wol

8. Daar is agt lyne growwe wit en growwe gekleurde wol, naamlik vagwol, penswol en stukkies, loks, gematte growwe wit wol en growwe gekleurde wol, velwol, dooiwol, merkwol, en afwykings, ten opsigte waarvan die klasse en spesifikasies soos volg is:

Coarse white and coarse coloured wool

8. There are eight lines of coarse white and coarse coloured wool, namely fleece wool, bellies and pieces, locks, matted coarse white and coarse coloured wool, skin wool, dead wool, brands, and odds, in respect of which the classes and specifications are as follows:

| Lyne/Lines | Klasse Classes | Spesifikasies/Specifications | | |
|--|-------------------|---|--|--|
| | | Algemeen/General | Lengte in millimeters/Length in millimetres | Fynheid in mikrons/Fineness in microns |
| (a) Vagwol/Fleece wool..... | XW C & C | Growwe wit vagwol/Coarse white fleece wool Growwe gekleurde vagwol: Met dien verstande dat enkele growwe wit vage wat te min is vir 'n aparte klas bygevoeg mag word/Coarse coloured fleece wool: Provided that odd coarse white fleeces which are too little for a separate class, may be added | Geen spesifikasie/No specification Geen spesifikasie/No specification | Geen spesifikasie/No specification Geen spesifikasie/No specification |
| (b) Penswol en stukkies/Bellies and pieces | C & CBP | Wit en gekleurde growwe penswol, saderige en gematte stukke (afrandseis)/White and coloured coarse belly wool, seedy and matted pieces (skirtings) | Geen spesifikasie/No specification | Geen spesifikasie/No specification |
| (c) Loks/Locks | C & CLOX | Growwe wit en growwe gekleurde loks en alle ander stukkies te minderwaardig vir die C & CBP-klas/ Coarse white and coarse coloured locks and all other pieces too inferior for the C & CBP class | Geen spesifikasie/No specification | Geen spesifikasie/No specification |
| (d) Gematte wol/Matted wool | C & CMAT | Gematte wol/Matted wool | Geen spesifikasie/No specification | Geen spesifikasie/No specification |
| (e) Velwol/Skin wool..... | VEL | Wol afkomstig van afgeslagte velle/Wool derived from flayed skins | Geen spesifikasie/No specification | Geen spesifikasie/No specification |
| (f) Dooiwol/Dead wool | PLK | Wol afkomstig van 'n ander dooie skaap as 'n geslagte skaap/Wool derived from a dead sheep other than a slaughtered sheep | Geen spesifikasie/No specification | Geen spesifikasie/No specification |
| (g) Merkwol/Brands | BRANDS | Wol bevlek met merkstof, verf, 'n petroleumproduk of teer of wat verkleurd of bevlek is deur veemiddels, blomme of blare/Wool stained with a marking substance, paint, a petroleum product or tar or discoloured or stained by stock remedies, flowers or leaves | Geen spesifikasie/No specification | Geen spesifikasie/No specification |
| (h) Afwykings/Odd wool..... | ODD | Growwe wit en growwe gekleurde wol wat nie voldoen aan die vereistes voorgeskryf vir die voorafgaande klasse van growwe wit en growwe gekleurde wol nie/Coarse white and coarse coloured wool which does not comply with the requirements prescribed for the preceding classes of coarse white and coarse coloured wool | Geen spesifikasie/No specification | Geen spesifikasie/No specification |

Karakoelwol

9. Daar is nege lyne karakoelwol, naamlik vagwol, penswol en stukkies, lammervagwol, loks, gematte vagwol, velwol, dooiwol, merkwol, en afwykings, ten opsigte waarvan die klasse en spesifikasies soos volg is:

Karakul wool

9. There are nine lines of karakul wool, namely fleece wool, bellies and pieces, lambs' fleece wool, locks, matted wool, skinwool, dead wool, brands, and odds, in respect of which the classes and specifications are as follows:

| Lyne/Lines | Klasse Classes | Spesifikasies/Specifications | | |
|--|-------------------|--|--|--|
| | | Algemeen/General | Lengte in millimeters/Length in millimetres | Fynheid in mikrons/Fineness in microns |
| (a) Vagwol/Fleece wool..... | KAR LB | Swart en swart-bruin vagwol/Black and black-and-brown fleece wool | Meer as 75/More than 75..... | Geen spesifikasie/No specification |
| | KAR B | Swart en swart-bruin vagwol/Black and black-and-brown fleece wool | Meer as 50 tot en met 75/More than 50 up to and including 75 | Geen spesifikasie/No specification |
| | KAR LG | Grys vagwol/Grey fleece wool..... | Meer as 75/More than 75..... | Geen spesifikasie/No specification |
| | KAR G | Grys vagwol/Grey fleece wool..... | Meer as 50 tot en met 75/More than 50 up to and including 75 | Geen spesifikasie/No specification |
| | KAR LSG | Liggrys vagwol/Light-grey fleece wool..... | Meer as 75/More than 75..... | Geen spesifikasie/No specification |
| | KAR SG | Liggrys vagwol/Light-grey fleece wool..... | Meer as 50 tot en met 75/More than 50 up to and including 75 | Geen spesifikasie/No specification |
| | KAR W | Wit vagwol—meer as 60%/White-grey fleece wool—more than 60% | Meer as 75/More than 75..... | Geen spesifikasie/No specification |
| | KAR BONT | Meerkleurige vagwol (swart en wit steekhaar-vesels)/Multi-coloured fleece wool (black and white kemp fibres) | Meer as 50 tot en met 75/More than 50 up to and including 75 | Geen spesifikasie/No specification |
| | KAR SDY | Lang afrandselsdele van die vagwol langer as 50 mm en wat met saad besmet is/Long skirtings, parts of the fleece wool longer than 50 mm and infested with seed | Geen spesifikasie/No specification..... | Geen spesifikasie/No specification |
| | | Karakoelpenswol en saderige gematte stukkies korter as 50 mm/Karakul belly wool and seedy matted pieces shorter than 50 mm | Geen spesifikasie/No specification..... | Geen spesifikasie/No specification |
| (b) Penswol en stukkies/Bellies and pieces | KAR BP | Karakoel penswol en saderige gematte stukkies korter as 50 mm/Karakul belly wool and seedy matted pieces shorter than 50 mm | Geen spesifikasie/No specification..... | Geen spesifikasie/No specification |
| (c) Lammervagwol/Lambs' fleece wool | KAR L | Karakoel lammervagwol/Karakul lambs' fleece wool ... | Geen spesifikasie/No specification..... | Geen spesifikasie/No specification |
| (d) Loks/Locks | KAR LOX | Karakoellocks en alle ander stukkies te minderwaardig vir die KAR BP-klas/Karakul locks and all other pieces too inferior for the KAR BP class | Geen spesifikasie/No specification | Geen spesifikasie/No specification |
| (e) Gematte vagwol/Matted fleece wool | KAR MAT | Gematte karakoelvagwol/Matted karakul fleece wool ... | Geen spesifikasie/No specification | Geen spesifikasie/No specification |
| (f) Velwol/Skin wool..... | VEL | Wol afkomstig van afgeslagte velle/Wool derived from flayed skins | Geen spesifikasie/No specification | Geen spesifikasie/No specification |
| (g) Dooiwol/Dead wool | PLK | Wol afkomstig van 'n ander dooie skaap as 'n geslagte skaap/Wool derived from a dead sheep other than a slaughtered sheep | Geen spesifikasie/No specification | Geen spesifikasie/No specification |
| (h) Merkwol/Brands | BRANDS | Wol bevlek met merkstof, verf, 'n petroleumproduk of teer of wat verkleurd of bevlek is deur veemiddels, blomme of blare/Wool stained with a marking substance, paint, a petroleum product or tar or discoloured or stained by stock remedies, flowers or leaves | Geen spesifikasie/No specification | Geen spesifikasie/No specification |
| (i) Afwykings/Odd wool..... | KAR ODD | Karakoelwol wat nie voldoen aan die vereistes voorgeskryf vir die voorafgaande klasse van karakoelwol nie/Karakul wool which does not comply with the requirements prescribed for the preceding classes of karakul wool | Geen spesifikasie/No specification | Geen spesifikasie/No specification |

Verbod op gebruik van onuitwasbare merkstof

10. Wol word nie met 'n onuitwasbare merkstof gemerk nie en iemand wat wol met so 'n stof merk, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete wat nie R200 te boewe gaan nie.

Herroeping van regulasies

11. Die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewings R. 1442 van 18 Augustus 1972, R. 908 van 30 Mei 1973, R. 1444 van 17 Augustus 1973, R. 1812 van 5 Oktober 1973 en R. 2023 van 7 Oktober 1977, word hiermee herroep.

Datum van inwerkingtreding

12. Hierdie regulasies tree in werking op die datum van publikasie daarvan.

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAAG

No. R. 288

24 Februarie 1984

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

ELEKTROTEGNIESE AANNEMINGSNYWERHEID, TRANSVAAL. — WYSIGING VAN SIEKTEBY-STANDS-, PENSIOEN- EN MEDIESE BYSTANDSFONDSOOREENKOMS

Ek, Pieter Theunis Christiaan du Plessis, Minister van Mannekrag, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en betrekking het op die Onderneming, Nywerheid, Bedryf of Beroep in die opskrif by hierdie kennisgewing vermeld, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Desember 1985 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakvereniging wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of vereniging is; en

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonder dié vervat in klousule 1 (1) (a), met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Desember 1985 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing wat betrokke is by of in diens is in genoemde Onderneming, Nywerheid, Bedryf of Beroep in die gebiede in klousule 1 van die Wysigingsooreenkoms gespesifiseer.

P. T. C. DU PLESSIS, Minister van Mannekrag.

BYLAE

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE ELEKTROTEGNIESE AANNEMINGSNYWERHEID (TRANSVAAL)

OOREENKOMS

ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, gesluit deur en aangeaan tussen die

Electrical Contractors' Association (South Africa)

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en

The South African Electrical Workers' Association

(hierna die "werknemers" of die "vakvereniging" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir Elektrotegniese Aannemingsnywerheid (Transvaal),

om die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 449 van 6 Maart 1981, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R. 2304 van 29 Oktober 1982 en R. 2132 van 30 September 1983 te wysig.

Prohibition on use of unsavourable marking substance

10. Wool is not marked with unsavourable marking substance, and any person marking wool with such a substance, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R200.

Regulations repealed

11. The regulations published by Government Notice R. 1442 of 18 August 1972, R. 908 of 30 May 1973, R. 1444 of 17 August 1973, R. 1812 of 5 October 1973 and R. 2023 of 7 October 1977 are hereby repealed.

Date of commencement

12. These regulations shall come into operation on the date of publication thereof.

DEPARTMENT OF MANPOWER

No. R. 288

24 February 1984

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

ELECTRICAL CONTRACTING INDUSTRY, TRANSVAAL.—AMENDMENT OF SICK BENEFIT, PENSION AND MEDICAL AID FUND AGREEMENT

I, Pieter Theunis Christiaan du Plessis, Minister of Manpower, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Labour Relations Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Undertaking, Industry, Trade or Occupation referred to in the heading to this notice, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 December 1985, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or union; and

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1) (a), shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 December 1985, upon all employers and employees, other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Undertaking, Industry, Trade or Occupation in the areas specified in clause 1 of the Amending Agreement.

P. T. C. DU PLESSIS, Minister of Manpower.

SCHEDULE

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE ELECTRICAL CONTRACTING INDUSTRY (TRANSVAAL)

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Labour Relations Act, 1956, made and entered into by and between the

Electrical Contractors' Association (South Africa)

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisation"), of the one part, and

The South African Electrical Workers' Association

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade union"), of the other part,

being the parties to the Industrial Council for the Electrical Contracting Industry (Transvaal),

to amend the Agreement published under Government Notice R. 449 of 6 March 1981, as amended under Government Notices R. 2304 of 29 October 1982 and R. 2132 of 30 September 1983.

1. GEBIED EN TOEPASSINGSBESTEK

(1) Hierdie Ooreenkoms moet nagekom word deur alle werkgewers en werknemers in die Elektrotegniese Aannemingsnywerheid—

(a) wat lede is van onderskeidelik die werkgewersorganisasie en die vakvereniging; en

(b) wat betrokke is by of werkzaam is in die Nywerheid in die provinsie Transvaal.

(2) Ondanks subklousule (1) is die Ooreenkoms van toepassing op vakleringe en kwekelinge slegs vir sover dit nie strydig is met die Wet op Mannekragopleiding, 1981, of met voorwaarde van kennisgewings wat daarkragtens voorgeskryf of bestel is nie.

(3) Vir die toepassing van hierdie Ooreenkoms word die weeklikse loonskaal van vakleerlinge wat kragtens die Wet op Mannekragopleiding, 1981, voorgeskryf is as die weekloon van sodanige werknemers geneem en is die uurloon die weekloon soos hierbo bereken, gedeel deur die getal gewone ure wat daar in die betrokke bedryfsinrigting gewerk word.

2. Voeg die volgende nuwe klousules 35 tot en met 39 in:

"35. MILITÈRE DIENSPLIGFONDS"

(1) Hierby word daar 'n militêre dienspligfonds ingestel wat bekend sal staan as die 'Militêre Dienspligfonds van die Elektrotegniese Aannemingsnywerheid' (hiernaas 'Militêre Fonds' genoem).

(2) Die Militêre Fonds bestaan uit geld verkry van bydraes soos in klousule 37 van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf.

(3) Die doelstelling van die Militêre Fonds is om behoudens die bepaling van klousule 38, Elkons, ambagsmanne, EIW's, kwekelinge en vakleerlinge wat militêre diens moet verrig, te vergoed vir alle tydperke van militêre diensplig.

36. LIDMAATSKAP

(1) Lidmaatskap van die Militêre Fonds is verpligtend vir alle Elkons, ambagsmanne, EIW's, kwekelinge en vakleerlinge wat militêre diensplig by die Suid-Afrikaanse Weermag moet verrig.

(2) Lidmaatskap van die Militêre Fonds eindig onmiddellik wanneer 'n lid nie meer in die Elektrotegniese Aannemingsnywerheid in diens is nie.

(3) 'n Lid wie se lidmaatskap van die Militêre Fonds geëindig het, verloor alle aanspraak op die Militêre Fonds, en indien hy tot lidmaatskap hertoegelaat word, moet hy as 'n algeheel nuwe lid beskou word, tensy die Raad anders besluit.

37. BYDRAES

(1) Elke werkewer moet die bedrag wat in die tabel hieronder aangegee word aan die Raad betaal ten opsigte van elke week of gedeelte van 'n week waartydens hy 'n persoon van die kategorie wat in die eerste kolom aangegee word in diens het en kan die bedrag wat in die laaste kolom aangegee word weekliks af trek van die besoldiging aan sodanige werknemer verskuldig:

| | Totaal betaalbaar aan die Raad | Bedrag betaalbaar deur werknemer |
|--------------------------------|--------------------------------|----------------------------------|
| | Sente | Sente |
| Elkons en ambagsmanne | 280 | 160 |
| EIW's | 200 | 120 |
| Vakleringe en kwekelinge | 200 | 80 |
| Arbeiders | 40 | — |

(2) Die bydraes in subklousule (1) bedoel, moet betaal word ten opsigte van elke diensweek, insluitende die tydperk wat 'n werknemer met verlof is, maar nie gedurende tydperke van militêre diensplig nie.

38. BYSTAND

(1) Elke lid in klousule 36 bedoel wat ingevolge subklousule (2) die vereiste aantal bydraes tot die Militêre Fonds gemaak het, is geregtig op bystand uit die Militêre Fonds soos in subklousule (3) voorgeskryf wanneer hy nie kan werk nie omdat hy militêre diensplig verrig.

(2) 'n Werknemer in subklousule (1) bedoel wat van die werk afwesig is omdat hy militêre diensplig verrig is, behoudens die bepaling van hierdie Ooreenkoms, na goeddunke van die Raad geregtig op bystand soos in subklousule (3) voorgeskryf indien daar oor 'n tydperk van 13 weke of langer 13 weeklikse bydraes namens hom aan die Militêre Fonds gemaak is.

(3) 'n Lid is geregtig op betaling van die verskil tussen sy bruto militêre soldy (insluitende toelaes) en die loonskaal wat in die Hooforeenkoms van die Raad vir sy kategorie werk voorgeskryf word.

(4) Die werknemer (of sy afhanglike) moet maandeliks 'n sertifikaat van die militêre soldy (insluitende toelaes) aan sy werkewer voorle en die werkewer moet hom binne sewe dae daarna die bedrag betaal wat in subklousule (3) voorgeskryf word.

(5) Die werknemer kan 'n afhanglike benoem aan wie die bedrag in subklousule (4) bedoel, betaal moet word.

1. AREA AND SCOPE OF APPLICATION

(1) The terms of this Agreement shall be observed by all employers and employees in the Electrical Contracting Industry—

(a) who are members of the employers' organisation and the trade union respectively; and

(b) who are engaged or employed in the Industry in the Province of the Transvaal.

(2) Notwithstanding the provisions of subclause (1), the terms of this Agreement shall apply to apprentices and trainees only in so far as they are not inconsistent with the provisions of the Manpower Training Act, 1981, or any conditions prescribed or any notice served in terms thereof.

(3) For the purposes of this Agreement, the weekly wage rate of apprentices prescribed under the Manpower Training Act, 1981, shall be taken to be the weekly wage of such employees, and the hourly rate shall be the weekly wage calculated as above, divided by the number of ordinary hours worked in the establishment concerned.

2. Insert the following new clauses 35 to 39, inclusive:

"35. MILITARY SERVICE FUND"

(1) There is hereby established a military service fund known as the 'Electrical Contracting Industry Military Service Fund' (hereinafter referred to as the 'Military Fund').

(2) The Military Fund shall consist of moneys accruing from contributions as prescribed in clause 37 of this Agreement.

(3) Subject to the provisions of clause 38, the object of the Military Fund shall be provide Elcons, artisans, EIO's, trainees and apprentices who are liable for military services with remuneration for any period of compulsory military service.

36. MEMBERSHIP

(1) Membership of the Military Fund shall be compulsory for all Elcons, artisans, EIO's, trainees and apprentices who are liable to do compulsory military service with the South African Defence Force.

(2) Membership of the Military Fund shall terminate immediately a member ceases to be employed in the Electrical Contracting Industry.

(3) Any member whose membership of the Military Fund has terminated shall forfeit all claims on the Military Fund, and if re-admitted to membership he shall be regarded as an entirely new member, unless otherwise decided by the Council.

37. CONTRIBUTIONS

(1) Every employer shall pay the amount given in the table below to the Council in respect of every week or part of a week during which he employs a person in the category given in the first column and may deduct the amount given in the last column weekly from the remuneration due to such employee:

| | Total payable to Council | Amount payable by employees |
|--------------------------------|--------------------------|-----------------------------|
| | Cents | Cents |
| Elcons and artisans | 280 | 160 |
| EIO's | 200 | 120 |
| Apprentices and trainees | 200 | 80 |
| Labourers | 40 | — |

(2) Contributions referred to in subclause (1) shall be paid in respect of any week of employment, including the period an employee is on leave, but not during any period of compulsory military service.

38. BENEFITS

(1) Every member referred to in clause 36 who has made the requisite number of contributions to the Military Fund in terms of subclause (2) shall be eligible for benefits from the Military Fund as prescribed in subclause (3) when unable to work because of performing compulsory military service.

(2) Subject to the provisions of this Agreement, an employee referred to in subclause (1) who is absent from work due to performing compulsory military service shall be entitled, in the absolute discretion of the Council, to benefits prescribed in subclause (3) hereof should 13 weekly contributions have been made to the Military Fund on his behalf over a period of 13 weeks or longer.

(3) A member shall be entitled to payment of the difference between his gross military pay (including allowances) and the rate of wages prescribed in the Main Agreement of the Council for his category of employment.

(4) The employee (or his dependent) shall produce a certificate of military pay (including allowances) to his employer monthly and the employer shall pay him the amount prescribed in subclause (3) within seven days thereof.

(5) The employee may nominate a dependant to whom the amount referred to in subclause (4) is to be paid.

(6) Die werknemer of sy benoemde in subklousule (5) bedoel, moet 'n kwitansie wat deur die Raad verskaf word, teken vir die bedrag en dié kwitansie, saam met die sertifikaat van militêre soldy, moet per hand of per geregistreerde pos aan die Raad gestuur word. Indien al die vereistes van die Raad nagekom is, moet die Raad binne 15 dae na ontvangst van die dokumente die bedrag aan die werkewer terugbetaal.

(7) Die werkewer moet die Raad minstens sewe dae voordat 'n werknemer militêre diensplig gaan verrig, daarvan in kennis stel op 'n vorm wat die Raad verskaf.

(8) (a) Elke werknemer moet ondanks andersluidende bepalings in hierdie Ooreenkoms, een dag teen sy gewone besoldiging by sy werkewer in diens bly vir elke dag waarvoor hy gedurende sy militêre diensplig betaal is.

(b) Die werkewer moet die werknemer na voltooiing van sy militêre diensplig onmiddellik weer in diens neem.

(c) Die werknemer moet 'n standaardkontrak soos deur die Raad voorgeskryf met sy werkewer onderteken voordat hy militêre diensplig gaan verrig.

39. ALGEMENE ADMINISTRATIEWE EN FINANSIELLE BEHEER

Klousules 13 tot en met 17 en klousule 33 en 34 is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van die Militêre Fonds."

3. KLOUSULE 35.—KATEGORIEË WAARVOOR DAAR NIE IN HIERDIE OOREENKOMS VOORSIENING GEMAAK WORD NIE

Hernommer klousule 35 tot klousule 40.

4. KLOUSULE 36.—VRYSTELLINGS

Hernommer klousule 36 tot klousule 41.

5. KLOUSULE 37.—ALGEMEEN

Hernommer klousule 37 tot klousule 42.

Vir en namens die partye by die Raad soos deur hulle gemagtig op hede die 14de dag van Desember 1983 te Johannesburg onderteken.

B. NICHOLSON, Voorsitter van die Raad.

J. M. FRASER, Ondervoorsitter van die Raad.

C. P. VENTER, Sekretaris van die Raad.

(6) The employee or his nominee referred to in subclause (5) shall sign a receipt provided by the Council for the amount, and such receipt, together with the certificate of military pay, shall be forwarded to the Council by hand or under registered cover. If all the requirements of the Council have been complied with the Council shall refund the amount to the employer within 15 days of receipt of the documents.

(7) The employer shall advise the Council, on a form provided by the Council, at least seven days before an employee proceeds on military service.

(8) (a) Notwithstanding any other provision in this Agreement, every employee shall continue in employment for one day with his employer at his normal remuneration for every day he was paid for during his compulsory military service.

(b) The employee shall be employed by his employer immediately after completion of his compulsory military service.

(c) The employee shall sign a standard contract prescribed by the Council with his employer prior to going on compulsory military service.

39. GENERAL ADMINISTRATIVE AND FINANCIAL CONTROL

The provisions of clauses 13 to 17 (inclusive) and clauses 33 and 34 shall *mutatis mutandis* apply in respect of the Military Fund."

3. CLAUSE 35.—CATEGORIES NOT PROVIDED FOR IN THIS AGREEMENT

Renumber clause 35 as clause 40.

4. CLAUSE 36.—EXEMPTIONS

Renumber clause 36 as clause 41.

5. CLAUSE 37.—GENERAL

Renumber clause 37 as clause 42.

Signed at Johannesburg as authorised for and on behalf of the parties to the Council on this 14th day of December 1983.

B. NICHOLSON, Chairman of the Council.

J. M. FRASER, Vice-Chairman of the Council.

C. P. VENTER, Secretary of the Council.

No. R. 289

24 Februarie 1984

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

OPLOSPULPNYWERHEID.—HERNUWING VAN OOREENKOMS

Ek, Pieter Theunis Christiaan du Plessis, Minister van Mannekrag, verklaar hierby, kragtens artikel 48 (4) (a) (ii) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, dat die bepalings van Goewermentskennisgewings R. 2690 van 11 Desember 1981 en R. 588 en R. 589 van 18 Maart 1983, van krag is vanaf die datum van publikasie van hierdie kennissgewing en vir die tydperk wat op 30 Junie 1984 eindig.

P. T. C. DU PLESSIS, Minister van Mannekrag.

No. R. 290

24 Februarie 1984

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

OPLOSPULPNYWERHEID.—WYSIGING VAN OOREENKOMS

Ek, Pieter Theunis Christiaan du Plessis, Minister van Mannekrag, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en betrekking het op die Onderneming, Nywerheid, Bedryf of Beroep in die opskrif by hierdie kennissgewing vermeld, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennissgewing en vir die tydperk wat op 30 Junie 1984 eindig, bindend is vir die werkewer en die vakverenigings wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werknemers wat lede van genoemde verenigings is; en

No. R. 289

24 February 1984

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

DISSOLVING PULP MANUFACTURING INDUSTRY.—RENEWAL OF AGREEMENT

I, Pieter Theunis Christiaan du Plessis, Minister of Manpower, hereby, in terms of section 48 (4) (a) (ii) of the Labour Relations Act, 1956, declare the provisions of Goverment Notices R. 2690 of 11 December 1981 and R. 588 and R. 589 of 18 March 1983, to be effective from the date of publication of this notice and for the period ending 30 June 1984.

P. T. C. DU PLESSIS, Minister of Manpower.

No. R. 290

24 February 1984

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

DISSOLVING PULP MANUFACTURING INDUSTRY.—AMENDMENT OF AGREEMENT

I, Pieter Theunis Christiaan du Plessis, Minister of Manpower, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Labour Relations Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Undertaking, Industry, Trade or occupation referred to in the heading to this notice, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 30 June 1984, upon the employer and the trade unions which entered into the Amending Agreement and upon the employees who are members of the said unions; and

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesond dié vervat in klousule 1 (1) (b), met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 Junie 1984 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werkneemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing wat betrokke is by of in diens is in genoemde Onderneming, Nywerheid, Bedryf of Beroep in die gebiede in klousule 1 van die Wysigingsooreenkoms gespesifiseer.

P. T. C. DU PLESSIS, Minister van Mannekrag.

BYLAE

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE OPILOSPULPNYWERHEID

OOREENKOMS

ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen

Saiccor (Pty) Limited

(hierna die "werkewer" genoem), aan die een kant, en die

Amalgamated Engineering Union of South Africa

en die

South African Electrical Workers' Association

(hierna die "werkneemers" of die "vakverenigings" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Oplospulpnywerheid, om die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 2690 van 11 Desember 1981, soos hernieu by Goewermentskennisgewing R. 588 van 18 Maart 1983 en gewysig by Goewermentskennisgewing R. 589 van 18 Maart 1983, te wysig.

1. TOEPASSINGSBESTEK

(1) Hierdie Ooreenkoms moet in die Oplospulpnywerheid nagekom word—

- (a) in die landdrostdistrik Umgzinto;
- (b) deur die werkewer en deur al sy werkneemers wat lede van die vakverenigings is.

(2) Ondanks subklousule (1), is hierdie Ooreenkoms van toepassing—

- (a) slegs op werkneemers vir wie lone in hierdie Ooreenkoms voor- geskryf word, en op die werkewer van sodanige werkneemers;
- (b) op vakleerlinge en kwekelinge slegs vir sover dit nie strydig is met die Wet op Mannekragopleiding, 1981, of met die voorwaardes of kennisgewings wat daarkragtens voorgeskryf of bestel is nie.

2. KLOUSULE 4.—BESOLDIGING

(1) Vervang subklousule (1) deur die volgende:

"(1) Die minimum loon wat 'n werkewer aan elkeen van sy werkneemers moet betaal, is soos volg:

| | Sent per uur |
|--|--------------|
| Onderbaas-ambagsman | 586 |
| Leier-ambagsman | 564 |
| Ambagsman | 542 |
| Onderbaas-operateur | 564 |
| Leier-operateur | 542 |
| Operateur graad I | 477 |
| Werknemer graad II | 428 |
| Werknemer graad IIIA | 375 |
| Werknemer graad III | 319 |
| Werknemer graad IV: | |
| Gedurende die eerste 12 maande ondervinding | 200 |
| Gedurende die tweede 12 maande ondervinding | 206 |
| Daarna | 221 |
| Werknemer graad V | 180** |
| (2) Subklousule (3).—Dienstoelae. | |
| (i) Hernommer die bestaande subklousule deur "(a)" voor die woorde "n Werknemer" in te voeg. | |

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1) (b), shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 30 June 1984, upon all employers and employees, other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Undertaking, Industry, Trade or Occupation in the areas specified in clause 1 of the Amending Agreement.

P. T. C. DU PLESSIS, Minister of Manpower.

SCHEDULE

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE DISSOLVING PULP MANUFACTURING INDUSTRY

AGREEMENT

in terms of the Labour Relations Act, 1956, entered into by and between

Saiccor (Pty) Limited

(hereinafter referred to as the "employer"), of the one part, and the

Amalgamated Engineering Union of South Africa

and the

South African Electrical Workers' Association

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade unions"), of the other part,

being the parties to the Industrial Council for the Dissolving Pulp Manufacturing Industry,

to amend the Agreement published under Government Notice R. 2690 of 11 December 1981, as renewed by Government Notice R. 588 of 18 March 1983 and amended by Government Notice R. 589 of 18 March 1983.

1. SCOPE OF APPLICATION

(1) The terms of this Agreement shall be observed in the Dissolving Pulp Manufacturing Industry—

(a) in the Magisterial District of Umgzinto;

(b) by the employer and by all the employees of the employer who are members of the trade unions.

(2) Notwithstanding the provisions of subclause (1), the terms of this Agreement shall apply—

(a) only to employees for whom wages are prescribed in this Agreement, and to the employer of such employees;

(b) to apprentices and trainees only in so far as they are not inconsistent with the provisions of the Manpower Training Act, 1981 or any conditions prescribed or any notices served in terms thereof.

2. CLAUSE 4.—REMUNERATION

(1) Substitute the following for subclause (1):

"(1) The minimum wage which shall be paid by an employer to each of his employees shall be as set out hereunder:

| | Cents per hour |
|---|----------------|
| Chargehand artisan | 586 |
| Leading hand artisan | 564 |
| Artisan | 542 |
| Chargehand operator | 564 |
| Leading hand operator | 542 |
| Grade I operator | 477 |
| Grade II employee | 428 |
| Grade IIIA employee | 375 |
| Grade III employee | 319 |
| Grade IV employee: | |
| During the first 12 months of experience | 200 |
| During the second 12 months of experience | 206 |
| Thereafter | 221 |
| Grade V employee | 180** |
| (2) Subclause (3).—Service allowance. | |
| (i) Renumber the existing subclause (3) by inserting "(a)" before "Chargehand artisans,". | |

(ii) Voeg die volgende nuwe subklousule (3) (b) in:

"(b) Na 10 jaar ononderbroke diens moet die werkewer aan werknemers graad II, werknemers graad IIIA, werknemers graad III, werknemers graad IV en werknemers graad V wat (het) voor of na die inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms) ononderbroke by dieselfde werkewer aan diens was, benewens die loon in subklousule (1) vir so 'n werknemer voorgeskryf, 'n dienstoelae betaal teen een sent per uur vir elke voltooiende jaar tot 'n maksimum van 10 sent per uur, vir al die ure wat hulle gewerk het, met inbegrip van jaarlike verlof met besoldiging en statutêre openbare vakansiedae. Die dienstoelae moet by die gekonsolideerde loon gevoeg word vir die doel van alle loonberekenings en moet betaal word met ingang van die begin van die eerste betaalweek waarin dié werknemer die betrokke diensjare voltooi het."

3. KLOUSULE 7.—JAARLIKSE VERLOF

(1) Vervang subklousule (2) (vi) deur die volgende:

"(vi) by voltooiing van elke verlofsiklus van 12 maande 'n werknemer, uitgesonderd 'n skofwerker, ten opsigte van die verlof in subklousule (1) (a) en (b) bedoel, 'n minimum van twee opeenvolgende weke verlof moet neem, wat drie naweke moet insluit, en die res van sodanige jaarlike verlof waarop hy geregtig is, kan laat oploop tot 'n maksimum van vier weke. Van geen werknemer, uitgesonderd 'n skofwerker, mag daar vereis word om die naweek voor die Maandag waarop sy verlof begin, te werk nie, en daar mag ook nie van hom vereis word om die naweek na die Vrydag waarop sy verlof eindig, te werk nie.

By voltooiing van elke verlofsiklus van 12 maande moet skofwersers ten opsigte van die verlof in subklousule (1) (a) en (b) bedoel 'n minimum van twee opeenvolgende weke verlof neem, tesame met 'n verdere tydperk van opeenvolgende verlof in die plek van die statutêre vakansiedae binne die verlofsiklus van 12 maande, soos in klosule 8 (3) beoog; die res van sodanige jaarlike verlof waarop hy geregtig is, kan hy laat oploop tot 'n maksimum van vier weke."

(2) Vervang subklousule (5) (a), (b) en (c) deur die volgende:

"(a) Aan werknemers wat minder as vyf jaar diens voltooi het, 6,2 persent van die jaarlike salaris;

(b) aan werknemers wat vyf jaar diens of langer maar minder as agt jaar diens voltooi het, 6,67 persent van die jaarlike salaris;

(c) aan werknemers wat agt jaar diens of langer voltooi het, 7,13 persent van die jaarlike salaris."

Namens die partye op hede die 21ste dag van November 1983 te Durban onderteken.

P. L. DELL, Voorsitter van die Raad.

A. BRITZ, Ondervorsitter van die Raad.

C. A. Z. PIERIDES, Sekretaris van die Raad.

(ii) Insert the following new subclause (3) (b):

"(b) Grade II employees, Grade IIIA employees, Grade III employees, Grade IV employees and Grade V employees who have had continuous employment with the same employer (whether before or after the coming into operation of this Agreement) shall be paid by the employer, in addition to the wage prescribed for such employee in subclause (1), a service allowance at the rate of one cent per hour for each completed year up to a maximum of 10 cents per hour after 10 years continuous employment in respect of all hours worked, including paid annual leave and statutory public holidays. The service allowance shall be added to the consolidated rate for all purposes of wage calculations and shall be paid with effect from the commencement of the first pay-week in which such employee completed the years of employment concerned."

3. CLAUSE 7.—ANNUAL LEAVE

(1) Substitute the following for subclause (2) (vi):

"(vi) on completion of each 12-month leave cycle, an employee, other than a shift worker, shall, in respect of leave referred to in subclause (1) (a) and (b), take a minimum of two consecutive weeks' leave, which shall include three week-ends, and any balance of such annual leave entitlement may be accumulated up to a maximum of four weeks. No employee, other than a shift worker, shall be required to work the week-end prior to the Monday on which any leave commences, nor shall he be required to work on the week-end following the Friday on which any leave is completed.

Shift workers shall, on completion of each 12-month leave cycle, in respect of leave referred to in subclause (1) (a) and (b), take a minimum of two consecutive weeks' leave, together with a further period of consecutive leave in substitution for the statutory holidays within the 12 month leave cycle, as contemplated in clause 8 (3); any balance of such annual leave entitlement may be accumulated up to a maximum of four weeks."

(2) Substitute the following for subclause (5) (a), (b) and (c):

"(a) With regard to employees who have completed less than five years' service, 6,2 per cent of the annual salary;

(b) with regard to employees who have completed five years' service or more but less than eight years' service, 6,67 per cent of the annual salary;

(c) with regard to employees who have completed eight years' service or more, 7,13 per cent of the annual salary."

Signed at Durban, for and on behalf of the parties, this 21st day of November 1983.

P. L. DELL, Chairman of the Council.

A. BRITZ, Vice-Chairman of the Council.

C. A. Z. PIERIDES, Secretary of the Council.

DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. R. 296

24 Februarie 1984

WET OP NASIONALE ONDERWYSBELEID, 1976

ONDERWYS IN SKOLE

Die Minister van Nasionale Opvoeding het kragtens artikel 2 (1) van die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, 1967 (Wet 39 van 1967), die algemene beleid wat ten opsigte van onderwys in skole gevvolg moet word, gewysig soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

BYLAE

1. In hierdie Bylae beteken "die Kennisgewing" Goewermentskennisgewing R. 2029 van 12 November 1971, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R. 1644 van 15 September 1972, R. 1884 van 20 Oktober 1972, R. 1444 van 1 Augustus 1975, R. 913 van 28 Mei 1976, R. 1963 van 29 Oktober 1976, R. 270 van 17 Februarie 1978, R. 1881 van 22 September 1978, R. 788 van 20 April 1979, R. 1671 van 3 Augustus 1979, R. 2040 van 14 September 1981, R. 2771 van 24 Desember 1982 en R. 1702 van 5 Augustus 1983.

2. Paragraaf 1 van die Engelse teks van die Kennisgewing word hierby gewysig deur die woorde "course" en "course of study", waar dit ook af voorkom, deur die woorde "field of study" te vervang.

DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. R. 296

24 February 1984

NATIONAL EDUCATION POLICY ACT, 1967

EDUCATION IN SCHOOLS

The Minister of National Education has, in terms of section 2 (1) of the National Education Policy Act, 1967 (Act 39 of 1967), amended the general policy which is to be pursued in respect of education in schools, as set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

